**Wat is waarheid? (OP250)**

**Joh 18:28-40**

**8 Maart 2026**

Laaskeer het ons stilgestaan by die inhegtenisname van die Here Jesus, Sy verhoor voor Annas, asook by Petrus wat die Here Jesus drie maal verloën het. Alhoewel die prentjie op die oog af maar somber gelyk het, het ons daarop gelet dat die Here Jesus deurgaans volkome in beheer was. Nie net het Hy vooraf geweet wat sou gebeur nie, die oomblik toe Hy Homself geïdentifiseer het as Jesus die Nasarener, deurdat Hy gesê het "Ek is Hy" – wat 'n bevestiging was van die feit dat Hy ook God is – het die soldate en die tempelwag op die grond neergeval. Hy het ook aangedui Hy wil juis die lydensbeker drink, want Hy wil die opdrag van Sy Vader gehoorsaam. Hy wil vir Sy kinders sterf, omdat Hy lief is vir hulle, en omdat dit vir hulle voordelig sal wees, siende dat Hy sodoende vir hulle geregtigheid sou bewerk. Ons het egter ook geleer van Petrus wat deur die loop van die nag die Here Jesus drie maal verloën het – en dit juis gedurende die periode wat die Here Jesus voor Annas getuig het dat hy maar Sy dissipels kan gaan vra oor die inhoud van Sy lering aan hulle.

Vandag wil ek stilstaan by die eerste gedeelte van die Here Jesus se verhoor voor Pilatus, soos beskryf in Joh 18:28-40. Lees vers 28a. Uit hierdie vers is dit duidelik dat die gebeure waarvan ons hier lees, vroeg die volgende oggend begin afspeel het, d.w.s. dit begin vroeg op die Vrydagoggend – daardie Vrydag waarop die Here Jesus later gekruisig sou word. In vers 24 het ons gelees dat nadat die Here Jesus deur Annas verhoor is, is Hy na Kajafas geneem – wat formeel die hoëpriester was. Johannes beskryf nie vir ons enige detail van die verhoor voor Kajafas nie. Nou lees ons egter dat vroeg op die Vrydagoggend is die Here Jesus vervolgens na die pretorium geneem. Die pretorium was die amptelike woning van die Romeinse prokurator of goewerneur wanneer hy in Jerusalem was. Op hierdie stadium was Pilatus die Romeinse prokurator – hy was dus die verteenwoordiger van die Romeinse keiser onder die Jode. Normaalweg was hy in Cesarea gebaseer, maar veral tydens die groot Joodse feeste het hy seker gemaak hy was in Jerusalem om seker te maak alles is rustig. Gedurende hierdie besoeke aan Jerusalem het hy in die pretorium gewoon.

Ek wil vandag besin oor die vraag wat Pilatus in vers 38 gevra het: "Wat is waarheid?" Ek wil die gebeure oordink, en dan aan die einde terugkeer na hierdie vraag: "Wat is waarheid?" Ons gaan dus na die volgende vier punte kyk: (1) Ware geregtigheid (Joh 18:28-32), (2) Ware Koning (Joh 18:33-38), (3) Ware bevryding (Joh 18:39-40), en (4) Wat is waarheid?

<u>Ware geregtigheid (Joh 18:28-32)</u>

Lees vers 28. Ons lees dat die Jode nie die pretorium, dus Pilatus se woning, wou binnegaan nie. En die rede was dat as hulle wel sou binnegaan, dit sou beteken dat hulle onrein sou word. En as hulle onrein was, sou hulle nie die Pasga kon eet nie. Ons weet natuurlik dat al hierdie gebeure juis tydens die Pasga plaasgevind het. Die punt is: Pilatus was nie 'n Jood nie, hy was 'n heiden. As hulle die pretorium sou binnegaan, sou hulle in die huis van 'n ongelowige gaan, en dan sou hulle onrein wees. Daar is heelwat debat oor wat die betekenis is van die feit dat as hulle onrein was, dat hulle daarom nie die Pasga sou kon eet nie. Onthou, dit is reeds Vrydagoggend. Die Here Jesus en Sy dissipels het alreeds die Donderdagaand die Pasga gevier. Hoekom was die Jode nou bekommerd oor hulle nie die Pasga sou kon eet as hulle onrein geword het nie? Het hulle nie ook alreeds die Pasga die vorige aand geëet nie? En in elk geval as hulle onrein was omdat hulle in die huis van 'n ongelowige gegaan het, kon hulle weer rein word deur voor die aand te bad. Don Carson reken die beste manier om dit te verstaan, is die volgende verduideliking: Die Pasga het direk oorgeloop in die fees van die ongesuurde brood – 'n fees wat sewe dae lank geduur het. Waarskynlik was die Jode

gesteld daarop dat hulle die Pasga en die fees van die ongesuurde brood wou vier, sonder om dit te onderbreek omdat hulle onrein geword het gedurende die periode van beide feeste.

Hoe dit ook al sy, let op die ironie van wat hier gebeur: Die Jode was absoluut daarop gesteld dat hulle rein moet wees om sodoende te kan deelneem aan die Pasga. Hierdie gesteldheid op reinheid het hulle egter nie verhoed om aktief deel te neem aan die beskuldiging en veroordeling van die Here Jesus sonder dat hulle werklike goeie motivering hiervoor gehad het nie – solank hulle darem net nie in die huis van 'n heiden gekom het nie, solank hulle tog net rein is – want dan kan hulle die Pasga vier. Intussen was hulle egter die medewerkers aan die veroordeling van die ware Paaslam – waarheen die Pasga wys. Hulle het glad nie verstaan wat besig was om te gebeur nie, en ook nie wat hulle aandeel was in die gebeure nie. Maar vir ons is dit weereens duidelik dat die Here God in beheer was van alles wat hier gebeur het.

Lees verse 29-30. Pilatus het uitgegaan na die Jode toe met die vraag: "Watter aanklag lê julle teen hierdie man?" Duidelik is die Jode ietwat geïrriteerd met Pilatus se vraag, want hulle antwoord as Hy nie 'n kwaaddoener was nie, sou hulle Hom nie aan Pilatus uitgelewer het nie. Waarskynlik het die Jode al voor die Here Jesus se inhegtenisneming met Pilatus gepraat en gevra dat hy soldate moet voorsien om hulle te help. Hulle het waarskynlik gevoel dat Pilatus se instemming daartoe, getoon het dat hy hulle goedgesind is, en hulle het verwag dat hy nou net die aanbeveling van die Sanhedrin sal goedkeur en doen wat hulle vra. Maar nou blyk dit Pilatus wil eers self die Here Jesus verhoor. Volgens hulle was dit tydmors. Pilatus, aan die ander kant, het nie net direk die Here Jesus veroordeel nie, waarskynlik nie soseer uit 'n oortuiging dat hy verantwoordelik moet optree deur eers die Here Jesus te verhoor nie – hy het waarskynlik eerder gevoel hy wil homself laat geld, en wou hê dat die Jode goed moet verstaan hulle is van hom afhanklik.

Lees vers 31. Na die Jode se irritasie, reageer Pilatus en sê as die Jode nie met sy benadering tevrede is nie, moet hulle die Here Jesus maar self verhoor volgens hulle eie wet. Maar dan word die agenda van die Jode duidelik: Hulle wil die doodstraf vir die Here Jesus hê – dit is nie vir hulle onderhandelbaar nie, en die probleem is dat hulle nie die bevoegdheid het om die doodstraf te kon oplê nie. Pilatus daarenteen het wel die bevoegdheid, en daarom is hulle hier.

Lees vers 32. Nou word die agenda van die Jode nog duideliker: Nie net wil hulle die doodstraf hê nie, hulle wil ook hê dat die Here Jesus moes sterf deur kruisiging – en hiertoe het hulle eenvoudig nie die bevoegdheid gehad nie. Hoekom wou hulle juis hê die Here Jesus moes gekruisig word? In Deut 21:22-23 lees ons: "As iemand 'n sonde begaan wat die doodstraf verdien, en hy gedood word en jy hom aan 'n houtpaal hang, mag sy lyk nie die nag aan die paal bly hang nie; maar jy moet hom beslis nog daardie selfde nag begrawe. Iemand wat aan 'n paal gehang word, is immers 'n vervloekte by God." En dit is waarskynlik wat die Jode gedryf het: As die Here Jesus doodgemaak kon word, en veral as Hy deur kruisiging doodgemaak kon word – dan sou dit tog vir almal duidelik wees dat Hy deur God vervloek is, en dan sal dit tog die einde van hulle moeilikheid wees – dan sal almal tog moet saamstem Hy is eenvoudig nie navolgingswaardig nie. Maar let nou op wat Johannes hieroor skryf in vers 32: Sodoende is die woord van die Here Jesus vervul toe Hy aangedui het watter dood Hy sou sterf. Johannes verwys hiermee natuurlik na die Here Jesus se woorde in Joh 12:32-33 waar Hy aangedui het Hy sal juis sterf deurdat Hy van die aarde af verhoog sou word – d.w.s. deurdat Hy gekruisig sou word. Weereens wil Johannes hê ons moet raaksien hoedat hierdie gebeure nie gebeure is wat buite beheer is nie, nee, dit is in lyn met wat die Here Jesus vooraf aangekondig het. Weereens is dit duidelik: God is in beheer.

Geliefdes, let op die volgende: Alles het daarop gedui dat hierdie verhoor nie 'n verhoor was met die doel om geregtigheid te laat geskied nie – die vooraf verhoor voor die Sanhedrin was reeds

twyfelagtig sonder goeie eenstemmige getuienis, na afloop van daardie verhoor was die doel van die Jode nie om 'n regverdige verhoor voor Pilatus te hê nie, maar net om die Here Jesus ter dood veroordeel te kry, verkieslik deur kruisiging – dan is hulle probleem finaal opgelos, en kan hulle in rus en vrede die Pasga vier. Pilatus, op sy beurt, is ook eerder gesteld op sy posisie, as om regverdig te verhoor. En tog, te midde van al hierdie verkeerde benaderings, gebeur presies wat die Here Jesus vooraf aangekondig het. En boonop, kyk na wat Gal 3:13 sê: "Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet deurdat Hy in ons plek 'n vervloeking geword het, want daar staan geskryf: 'Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang.'" Dit was juis deur hierdie onregverdige verhoor wat oënskynlik glad nie geregtigheid sou bewerk het nie, dat die Here God juis ware geregtigheid bewerk het, deurdat Sy Seun die vervloekte geword het in die plek van Sy kinders.

<u>Ware Koning (Joh 18:33-38)</u>

Lees vers 33. Hier begin Pilatus se ondervraging van die Here Jesus. Hy het die pretorium binnegegaan en vir die Here Jesus gevra: "Is U die Koning van die Jode?" As dit hier in die Johannes-evangelie ietwat onverwags is dat Pilatus met hierdie vraag oor die koningskap van die Here Jesus afskop, moet ons onthou dat Luk 23:2 vir ons beskryf dat die Jode die Here Jesus by Pilatus aangekla het met die beskuldiging dat die Here Jesus sou geleer het dat hulle nie belasting aan die keiser moet betaal nie, en dat Hyself die Gesalfde is, die Koning is. Dit is insiggewend om daarop te let dat tydens die verhoor voor die Sanhedrin was die beskuldiging dat die Here Jesus die Christus, oftewel die Messias, is – kyk maar na Mat 26:63. Maar nou voor Pilatus fokus die Jode op die feit dat die Here Jesus die Koning is. Die rede vir hierdie verskil in fokus is omdat hulle geoordeel het dat Pilatus eerder met hulle beskuldiging van koningskap sou kon identifiseer, en dat Pilatus hulle eerder hieroor simpatiek sou aanhoor, en bereid sou wees om die Here Jesus hieroor te veroordeel – immers sou die koningskap van die Here Jesus potensieel 'n bedreiging vir die keiser inhou.

Lees vers 34. Die reaksie van die Here Jesus op Pilatus se vraag is of Pilatus hierdie vraag uit sy eie gevra het, en of hy dit gevra het omdat ander mense aan hom vertel het dat die Here Jesus Koning is. Ons sal later sien dat die Here Jesus wel erken het dat Hy Koning is, maar Hy het hierdie vraag aan Pilatus gevra om uit te vind of Pilatus hierdie vraag uit sy eie gevra het, of nie. Indien Pilatus dit uit sy eie gevra het, sou die Here Jesus hom meer hieroor wou leer. Maar as Pilatus dit by ander mense, waarskynlik die Jode, gehoor het, dan sou dit vir die Here Jesus duidelik wees dat Pilatus waarskynlik ook al verder mislei is deur die gebrek aan begrip wat Hy ook al by die Jode gevind het oor Sy Koningskap. Let op: Alhoewel hierdie die verhoor van die Here Jesus deur Pilatus is, is dit die Here Jesus wat besig is om Pilatus te ondervra. Weereens moet ons kennis neem van wie werklik in beheer is.

Lees vers 35. Duidelik is Pilatus nou geïrriteerd. Hy is geïrriteerd omdat die Here Jesus suggereer dat hy hom dalk sou besig hou met die Jode en hulle leringe – hy het eenvoudig geen erg aan die Jode nie – en daarom sy opmerking: "Is ek miskien 'n Jood?" Die enigste rede hoekom hy betrokke is by hierdie saak is omdat die Jode en hulle leierpriesters die Here Jesus aan hom oorgelewer het. Eintlik wil hy niks met hierdie saak te doen hê nie. Waarskynlik was Pilatus ook geïrriteerd met die Jode wat gedink het hulle kan hom manipuleer deur juis klem te lê op die Here Jesus se Koningskap, so al asof hulle nou in besonder besorgd is daaroor om die keiser teen die Here Jesus te beskerm. Pilatus voel die saak moet tot 'n punt kom: Hy vra wat het die Here Jesus verkeerd gedoen?

Lees vers 36. Die Here Jesus het egter niks om te bely wat Hy verkeerd gedoen het en waaroor Hy nou deur Pilatus verhoor moet word nie. Gevolglik bly die Here Jesus by die onderwerp van Sy Koningskap. En Hy sê vir Pilatus dat Sy Koningskap nie van hierdie wêreld is nie. In beginsel stem die Here Jesus dus saam: Hy is 'n Koning – soos Pilatus gevra het. Maar Hy is nie 'n tipiese Koning, soos

tipiese wêreldse konings, nie. En dan bewys die Here Jesus hierdie feit aan Pilatus. Hy wys vir Pilatus daarop dat as Hy 'n tipiese wêreldse koning was, dan sou Sy inhegtenisname gedurende die loop van die nag heelwat anders verloop het – Pilatus se soldate sou hiervan kon getuig. Die Here Jesus herinner Pilatus daaraan dat Hy hoegenaamd nie weerstand gebied het tydens Sy inhegtenisname nie. Behalwe vir Petrus wat vir 'n oomblik die swaard wou gebruik om die inhegtenisname te keer, was daar geen teenstand nie. En selfs toe Petrus wel wou weerstand bied, was dit die Here Jesus wat hom gekeer het, en selfs die skade wat Petrus reeds gedoen het, ongedaan gemaak het. Die Here Jesus se koninkryk is eenvoudig nie 'n tipies wêreldse koninkryk nie.

Lees vers 37. Pilatus is nou uit die veld geslaan. Erken die Here Jesus dan nou dat Hy wel 'n koning is? Waarop die Here Jesus reageer en sê dit is soos wat Pilatus sê (As dit nie duidelik is dat dit is wat Johannes hier skryf nie, kyk na Mat 27:11 waar die Here Jesus dit reguit vir Pilatus sê). Waar die Here Jesus tot nou toe beskryf het wat Sy koninkryk nie is nie – dit is nie 'n tipiese wêreldse koninkryk nie – gaan die Here Jesus nou voort en beskryf wat Sy koninkryk wel is: Dit is ter wille van Sy koninkryk dat die Here Jesus gebore is. Dit is ter wille van Sy koninkryk dat Hy na die wêreld gekom het. Ons weet dat Hy van die hemel af gekom het – anders as wêreldse konings wat soos enige ander mens gebore is, het die Here Jesus nie eers met Sy geboorte begin bestaan nie – nee, Hy bestaan al vir ewig. Met Sy geboorte het Hy van die hemel afgekom, na hierdie wêreld toe. En Hy het juis gekom om as koning Sy koningskap te kom vestig en uit te brei. Dit is die waarheid. En elkeen wat deel is van die waarheid, luister na Sy stem – so iemand luister na Hom as sy koning.

Lees vers 38. Hierop reageer Pilatus met die vraag: "Wat is waarheid?" Hierdie opmerking van Pilatus was heelwaarskynlik baie sinies. Hy het genoeg gehoor – vir hom is dit alles verregaande, en hy is definitief nie oortuig dat dit dié waarheid is nie. Trouens dit alles klink vir hom na 'n bohaai oor niks – nie 'n waarheid wat onwrikbaar vasstaan nie. Gevolglik gaan Pilatus weer na buite na die Jode toe, en verklaar dat hy geen skuld in die Here Jesus vind nie. Pilatus stem nie saam dat wat die Here Jesus sê die waarheid is nie, maar hy stem ook nie saam dat wat die Here Jesus leer so erg is dat dit die doodstraf verdien nie. Daarom sy gevolgtrekking: Die Here Jesus het geen skuld in hom nie. Let op: 'n ongelowige Romeinse goewerneur kyk na die feite en die beskuldigings van die Jode, en bevind dat die Here Jesus geen skuld het nie.

Let ook op: Die Here Jesus is deur die Jode beskuldig dat Hy sou gesê het dat Hy die koning van die Jode is. Hulle gaan juis met hierdie beskuldiging na die Romeinse keiser se verteenwoordiger om sodoende 'n terdoodveroordeling te verkry – maar die Romeinse keiser se verteenwoordiger bevind hier is niks wat die moeite werd is om te verhoor nie. Maar intussen leer die Here Jesus hierdie Romein dat Hy wel die Koning is: Trouens Hy is nie net 'n koning soos wêreldse konings nie, nee, Hy is dié Koning van hemelse afkoms wat juis na die wêreld gekom het om Sy koninkryk, 'n wêreldwye en ewige koninkryk, te vestig. Hy is die ware Koning. Maar Pilatus en die Jode is blind hiervoor.

<u>Ware bevryding (Joh 18:39-40)</u>

Lees verse 39-40. Pilatus het die gebruik gehad om tydens die jaarlikse Pasga een persoon vry te laat. Sy voorstel aan die Jode was dat hy die Here Jesus vir hulle sal vrylaat. Hy verwys juis na die Here Jesus as die Koning van die Jode. Die rede waarom Pilatus die Here Jesus wou vrylaat, was omdat hy oortuig was dat daar geen rede was om die Here Jesus te veroordeel nie. Waarskynlik het hy juis na die Here Jesus verwys as die "Koning van die Jode", omdat dit die Jode se beskuldiging teen die Here Jesus was, maar ook omdat Pilatus bevind het dit hou geen bedreiging vir die keiser in nie.

Die Jode was egter glad nie tevrede met hierdie voorstel nie. Hulle reaksie was: "Beslis nie vir Hom nie". As Pilatus dan iemand wil vrylaat, laat iemand anders vry. Laat selfs vir Barabbas vry. Ons weet

nie baie van Barabbas nie – behalwe dat hy 'n misdadiger was wat waarskynlik verantwoordelik was vir 'n mislukte rebellie teen die Romeine (sien die 2020 DAV se onderskrif by vers 40). Sien jy die ironie? Die Here Jesus is beskuldig dat Hy gesê het Hy is die Koning van die Jode, en sodoende sou Hy dan 'n bedreiging vir die keiser inhou. Pilatus se ondervraging van die Here Jesus het dit egter duidelik gemaak, alhoewel die Here Jesus Koning is, is Hy nie 'n wêreldse koning nie, en dus geen bedreiging vir die keiser nie. Barabbas, daarenteen, was 'n bedreiging vir die keiser – hy is alreeds skuldig bevind daaraan dat hy so 'n rebellie gelei het. En tog oordeel die Jode: Beslis moet Pilatus nie die Here Jesus vrylaat nie, maar wel Barabbas.

Maar let nou op die volgende: In Mat 27:16-17 word Barabbas beskryf as "Jesus Barabbas" – dit is so daar is 'n onderskrif dat daar nie eenstemmigheid is tussen verskillende manuskripte of "Jesus" deel van Barabbas se naam was nie. Maar kom ons aanvaar vir 'n oomblik dit was. Onthou verder, die naam "Barabbas" beteken letterlik "seun van die vader". Ons het dus twee persone waartussen gekies moet word om vrygelaat te word: Óf Jesus Barabbas, oftewel Jesus, seun van die vader, wat reeds verantwoordelik was vir 'n rebellie teen die Romeine, wat 'n misdadiger in die tronk is. Óf Jesus, Seun van die Vader, wat selfs nie deur Pilatus skuldig bevind kon word nie, wat wel 'n Koning is, maar nie 'n wêreldse koning nie, wat dus nie as sulks 'n bedreiging vir die keiser inhou nie. Óf die skuldige moet vrygelaat word, óf die Onskuldige. Ons kan verstaan hoekom Pilatus oortuig was die Here Jesus behoort vrygelaat te word. Maar die Jode het aangedring dat Barabbas vrygelaat moes word. En dit is wat toe gebeur: Die skuldige misdadiger, Jesus Barabbas, Jesus seun van die vader, word vrygelaat, terwyl die onskuldige Jesus, Seun van die hemelse Vader, veroordeel word. Die skuldige misdadiger word vrygelaat, maar die onskuldige Regverdige word veroordeel.

Kan ek jou herinner aan 1 Pet 3:18: "Immers, ook Christus het eens en vir altyd vir sondes gely, Hy, die Regverdige, ter wille van onregverdiges, sodat Hy julle na God kon bring." Let op: Weereens is wat hier gebeur oënskynlik onregverdig: die skuldige word vrygelaat, en die onskuldige word veroordeel. En juis dit is wat die Vader en die Seun wil hê moes gebeur: Skuldige sondaars moet vrygelaat word, omdat die Onskuldige Seun van die Vader in hulle plek veroordeel is. Eenvoudig verstommend. Weereens is die Here God soewerein in beheer en laat gebeur wat Hy weet moet gebeur.

<u>Wat is waarheid?</u>

Dit was die vraag wat Pilatus in vers 38 gevra het. Hy was waarskynlik sinies toe hy die vraag gevra het. Hy was waarskynlik glad nie oortuig dat daar iets soos waarheid is nie. En beslis is wat die Here Jesus hom sopas vertel het, nie die waarheid waarop hy hom heelhartig kon verlaat nie.

Dit is nie net Pilatus wat so redeneer nie. Ons leef in 'n postmoderne wêreld. Die algemene siening van ons tyd is ook dat daar nie iets soos 'n objektiewe waarheid is wat bo alle redelike twyfel vasstaan nie. Daar word deesdae geredeneer iets kan vir my waar wees, maar dit beteken nie dat dit ook waar hoef te wees vir jou nie. Elkeen moet maar self besluit. Wat elkeen besluit is dan vir daardie persoon waar.

Dit beteken niemand het die absolute waarheid wat altyd en oral waar is nie. Gevolglik kan geen geloofsgroep ook redeneer hulle het die volle waarheid nie – nie die Christene nie, ook nie die Jode nie, ook nie die Moslems nie. Hoogstens kan elke geloofsgroep hoop hulle het 'n deeltjie van die waarheid – wel, so word deesdae geredeneer. Sodra daar verskille is tussen die verskillende groepe in hulle oortuigings oor wat die waarheid is, is dit glo 'n bewys dat hulle almal se begrip van die waarheid gebrekkig is.

Maar, geliefdes, is dit hoe ons as Christengelowiges moet redeneer? Let op na die Here Jesus se woorde in vers 37: "Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek na die wêreld gekom: om oor die waarheid te getuig. Elkeen wie se bestaan in die waarheid gegrond is, luister na My stem." Dit is tog duidelik dat die Here Jesus oortuig was daar is waarheid – trouens Hy getuig Hy het juis na die wêreld gekom om oor hierdie waarheid te getuig. Die Here Jesus was definitief oortuig van die waarheid, immers was Hy bereid om van die hemel na hierdie wêreld te kom spesifiek met die doel om oor die waarheid te getuig. Trouens, Hy het al vroeër getuig Hy weet nie net van die waarheid nie, ook getuig Hy nie net van die waarheid nie – Hy ís die waarheid. Onthou wat Hy geleer het: "Ek is die weg, die waarheid en die lewe – niemand kom na die Vader, behalwe deur My nie." Die waarheid is dat niemand na die Vader kan kom, behalwe deur Hom nie. Dit is ook in lyn met wat Hy vir Pilatus gesê het: Elkeen wat in die waarheid gegrond is, luister na Sy stem. Die waarheid is dit waarvan die Here Jesus getuig het. Die mense wat hierin gegrond is, luister na Hom – want hulle is oortuig Hy is die waarheid, en Hy leer die waarheid.

Nou kan jy redeneer: Ja, dit is alles goed en wel. Maar hoe weet ons dat as die Here Jesus getuig Hy is die waarheid en dat Hy getuig oor die waarheid, dat dit die waarheid is? Wel, kom ons let op na wat die gedeelte wat ons vandag na gekyk het, ons leer:

- Die verhoor van die Here Jesus deur Pilatus lyk na 'n korrupte verhoor: geen duidelike aanklag nie, 'n klomp Jode wat ten alle koste wil sien dat die Here Jesus moet sterf, verkieslik deur gekruisig te word, Pilatus as regter wat nie regtig geïnteresseerd is nie, wat eerder net homself wil laat geld voor die Jode – en tog gebeur presies wat die Jesus vooruit aangekondig het gaan gebeur: Hy word die Vervloekte in die plek van die wat vervloek was a.g.v. hulle sondes.
- Die Here Jesus word aangekla dat Hy die Koning van die Jode is. Die Here Jesus se optrede en lering het oor en oor onderstreep Hy is nie 'n tipiese wêreldse koning nie. Sy optrede vroeër hierdie nag het dit opnuut prakties onderstreep. Selfs Pilatus het die gevolgtrekking gemaak dat die Here Jesus nie die keiser bedreig nie – en tog is die Here Jesus dié Koning, van 'n wêreldwye en ewige koninkryk waaroor Hy steeds regeer. Dit is lankal in die Dawidverbond so aangekondig. En nou gebeur dit presies so.
- Verder: Dit is so onregverdig: Barabbas, die skuldige misdadiger, word vrygelaat, terwyl die onskuldige Here Jesus veroordeel word. Maar Sy offer as Sondelose vir sondaars is al eeue gelede in die Ou Testament aangekondig, herhaaldelik in die Ou Testamentiese offers afgebeeld, en juis nou op die Pasga, word Hy veroordeel en bring Hy daardie offer.

Al blyk die verhoor onregverdig te wees en definitief nie of dit die doel het om geregtigheid te laat geskied nie – gebeur presies wat nodig is sodat die Here Jesus ware geregtigheid kan bewerk. Al is die Here Jesus aangekla dat Hy die Koning van die Jode is, al is Pilatus nie oortuig hiervan nie, al is dit selfs waar dat die Here Jesus nie 'n aardse koning is nie – is Hy tog die ware Koning wat Sy koninkryk kom vestig het. Al is dit so onregverdig dat die skuldige Barabbas vrygelaat word, en die onskuldige Here Jesus veroordeel word – is dit presies wat die Here Jesus kom doen het: Hy het ware vrylating vir Sy kinders kom bewerk deur in hulle plek hulle skuld te dra. Het dit alles maar net toevallig gebeur. Boonop is daar nog hope verdere getuienis: Dink maar net aan al die wonderwerke wat die Here Jesus gedoen het. Dink maar net aan al die Ou Testamentiese tipes wat in Hom vervul is. Dink maar net aan al die Ou Testamentiese profesieë wat tydens Sy lewe hier op aarde in vervulling gegaan het.

Die punt is: As ons oortuig wil wees iets is die waarheid, dan soek ons bewyse – harde konkrete bewyse. En net in hierdie paar verse is daar soveel bewyse die Here Jesus is die waarheid, en Hy

getuig van die waarheid. Voeg hier by al die ander hope bewyse hiervan. Ons kan seker wees: Hy is die waarheid, en Hy getuig oor die waarheid. Dit is juis hoekom Hy gekom het. Ons moet ons maar net verdiep in Sy Woord onder die leiding van die Heilige Gees – dan sal ons van hierdie waarheid oortuig word. Immers is dit wat Johannes se bedoeling met sy evangelie was: Sodat ons kan glo dat die Here Jesus die Christus is, die Seun van God, en dat ons deur te glo, die lewe in Sy Naam kan hê (Joh 20:31). Dit is tog wat Paulus vir Timoteus geskryf het: "Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak." (2 Tim 3:16-17) Het jy dit gehoor? "Sodat ons ten volle toegerus kan wees". Die Skrif is nie maar net deel van die waarheid nie. Dit is die volle waarheid wat ons nodig het om ten volle toegerus te wees. Ons moet dit net bestudeer en verteer. Dit is die waarheid. Dit is die waarheid waaroor die Here Jesus getuig het. Dit is waarvoor Hy na die wêreld gekom het.

Elkeen wie se bestaan in hierdie waarheid gegrond is, luister na Sy stem.